# Rustenburg Gemeenskapskerk

**5 SEPTEMBER 2021**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902


Erediens en Kleuterkerk: 09h00

Kategese: 10h00

## Ek loof God as my enigste Koning

"'n Loflied van Dawid. Ek wil u lof verkondig, my God en Koning, ek wil u Naam altyd loof" - Psalm 145:1.

Lojale burgers het net een koning. Hy word gedien en vereer. Die gelowige het slegs een Koning. Jesus leer dat ons eers die koninkryk van God moet dien, en nie ons eie koninkrykies en behoeftes voorop moet stel nie. Wanneer ons God en sy koningsheerskappy beleef en ervaar, kan ons nie anders as om Hom te loof nie.

Om ons Koning te loof, mag nooit met bybedoelings wees nie. Ek prys Hom nie omdat of sodat Hy vir my goeie dinge kan doen nie. Nee, ons Koning word geloof vir Wie Hy is en vir wat sy vermoëns is. In hierdie Psalm word Hy oor sy grootheid, magtige dade, luisterryke heerlikheid, goedheid en reddingsdade geloof. Hy is genadig, barmhartig en vol liefde.

Ons leef in 'n wêreld van vele "konings" wat vereer word. Meestal met 'n tipiese afgod-aanbiddingsmentaliteit. Ek dien my "koning" vir watter voordeel ek daaruit kan kry. As my "koning" my nie meer bevoordeel nie, soek ek 'n ander een. Hierdie konings van ons samelewing is mense, politieke partye, materiële belange, ideologieë, eiebelang, ensovoorts. Almal inperkend en verslawend. Daarom is die lof aan die ware Koning wat vir ewig oor alles en almal heers, 'n unieke en buitengewone klank.

Vertel ander van Hom wie jy loof. Kennis van Hom lei tot geloof en onberekenbare seën. Sy koninkryk verlos mense van 'n koningsdiens wat deur inflasie opgevreet word.




## Verjaarsdae 5 - 11 Sept 2021

5-Fanus Engelbrecht
Eckhard Schoeman
Marshal Pretorius
6-Louis Dique, Ken Denton
7-Janelle du Toit
8-Deoné Schoeman
10-Andrew Brown, Zané Erasmus

Wanneer God jou 'n moeilike pad laat stap..voorsien Hy vir jou stewige skoene..

**Kenmerke en fokusareas van ons Kerk is die volgende:**

1. Suiwer Woordverkondiging
2. Gemeentlike samekomste in die erediens
3. 'n Groot verskeidenheid van musiek vir oud en jonk
4. Kenmekaar aktiwiteite deur middel van geselligehede na eredienste, omgeegroep-byeenkomste, die jaarlikse karnaval, verskeie werkgroepe, byeenkomste vir bejaardes (Eiebase) en vir die jeug vanaf 3 jarige ouderdom.
5. Goeie kommunikasie via Sondagbyeenkomste, omgeegroep byeenkomste, eposse, sms'e en whatsapp's.
6. Gesonde finansiële bestuur met jaarlikse projekte soos die Buffelspoort Karnaval, Rugby Legende etes, Gholfdae, en ander finansiële inisiatiewe.
7. Betrokkenheid en onderlinge verbondenheid rakende mekaar se lief en leed.
8. Bybelstudie geleenthede
9. Gasvryheid
10. Eer en gehoorsaamheid aan God

## Rustenburg Gospelfees

Die RGK het besluit om die fees te hou op Saterdag 30 Oktober 2021 te RHS.

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
- instandhouding
- groei
- hulpverlening

**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

☑ EFT
☑ Stoporder

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening:
62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van

## Kommunikasie kommunikasie

As predikante, leiers en lidmate probeer ons mekaar geestelik en fisies versorg. Gesels asb. saam. Almal se mening, vrae en raad is belangrik. Ons hoor graag van jou.

## Bid asb vir ons lidmate

- Lien Pelser
- Ivy Swart
- Lientjie Venter
- Hans van Wyk
- Cisca Hopkins
- Peet Dique
- Joey Dreyer
- Isabel Mc Donald
- Charlotte Pieterse
- Riëtte Mc Donald
- Willem Schaap
- Sanette v/d Walt
- Jan Swart
- Ons bid vir al ons Covid - pasiente
- Ons bid veral vir ons mense wat treur oor geliefdes wat oorlede is.
- Ons bid vir ons mediese personeel